SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 15 MEI 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die Nuus vandag:

DIE ZS3 QSO PARTYTJIE VANMIDDAG

DIE SARL 100-PROJEK

en

HF- EN BHF/UHF-KOMPETISIES DIE KOMENDE WEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Die SARL Nuusspan wens al die kandidate wat die RAE op Saterdag 21 Mei skryf, alles van die beste toe. Ons hoop om jou binnekort op die lug te hoor.

DIE ZS3 QSO PARTYTJIE VANMIDDAG

Vanmiddag van 14:00 tot 15:00 UTC kan jy deelneem aan die ZS3 QSO Partytjie met die doel om soveel as moontlik ZS3 stasies te werk. Neem kennis, ZS1, ZS2, ZS4, ZS5 en ZS6 werk SLEGS ZS3! Stasies in ZS3 werk almal! Dit is 'n GG- en foon aktiwiteit; die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en provinsiale of land-afkorting. Dien jou logstaat teen 21:59 UTC op Vrydag 20 Mei 2022 in en stuur dit na zs3nc@qsl.net. Kry al die inligting op bladsy 46 van die 2022 Blou Boek.

DIE SARL ELEKTRONIESE QSL-STELSEL

Die SARL Elektroniese QSL-stelsel is beskikbaar vir alle Suid-Afrikaanse radio amateurs, lede van die SARL sowel as nie-lede. Besoek www.sarl.org.za/SAQSL/Default.asp vir al die inligting.

DIE SARL 100 PROJEK

Hoe oud is die SARL werklik? Ons het onlangs op inligting afgekom uit 'n paar ou plakboeke uit die motorhuis van 'n radio amateur wat hy uit 'n bestorwe boedel gekry het, wat aandui dat die SARL ouer kan wees as wat ons dink, ons

doen verdere navorsing om te verifieer hoe oud die SARL is regtig. Hierdie is 'n voorbeeld van sommige van die interessante en opwindende inligting wat ontdek word terwyl jy deur dokumente delf op soek na historiese gebeure wat verband hou met die SARL en die organisasies wat die SARL voorafgaan.

Hoe kan jy ons help met hierdie projek? Ons het jou hulp nodig om inligting in te samel, veral uit die tydskrifte. Jy sal voorsien word van sjablone om die versameling te vergemaklik.

Ons benodig ook snuisterye en inligting wat by amateurs is, nie net vir die museum nie, maar ook vir die boek. Ons is ook opsoek na programme van vorige AJV's asook fotos met beskrywings en identifikasie van die persone op die foto, indien dit moontlik is. Is jy bewus van enige uitvindings of bydraes tot wetenskap en tegnologie wat oor die jare deur radio amateurs gemaak is. Dit is belangrik dat ons hierdie inligting kry.

Ons sal alle boeke, snuisterye en inligting wat jy by jou mag hê, afhaal en dit weer aan jou terugbesorg indien jy dit terug verlang, of jy kan ons kontak en ons sal jou vertel hoe jy die items vir ons kan dokumenteer, skandeer of fotografeer. Indien iemand van mening is dat hy of sy soveel inligting vir ons het en dat ons jou moet besoek rakende die inligting, laat weet ons asseblief sodat ons 'n tyd vir die besoek kan reël, of as jy wil, kom besoek ons by die NARS. As jy kan help, kontak asseblief vir Anette, ZR6D op selfoon 073 1999 032 of Mark, ZS6MDX op selfoon 082 385 2688 of kontak Kelley by die NARS vir ons kontakbesonderhede.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

KLUB NUUS

Die Magalies Radioamateurklub bied 'n Zoom-vergadering aan met 'n gas uit die VK vanaf 14:00 plaaslik op Saterdag 21 Mei 2022. Ons gas is Callum McCormick, M0MCX die skepper van die DX Commander Antenna en YouTube-kanaal. Indien jy belangstel om by ons vergadering aan te sluit via Zoom, stuur asseblief 'n e-pos aan Hannes by zs6jde@gmail.com. Hannes sal die reëlings met jou kommunikeer.

Die Wesrand Amateurradioklub nooi almal uit na die komende snuffelmark op Saterdag 28 Mei by die Klubhuis in Krotonstraat, Weltevredenpark. Die hekke sal soos gewoonlik om 10:00 oopmaak vir almal om gesellig te verkeer en ons heerlike hamburgers op Internasionale Hamburger dag te geniet. Verkoper handel begin om 11:30 en al die gewone verkopers sal dit bywoon, die Klub sal ook 'n tafel hê. Bespreek jou staanplek en tafel deur Phillip, ZS6PVT te kontak by selfoon 083 267 3853 of e-pos zs6pvt@gmail.com.

KOMPETISIE NUUS

Die derde been van die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie sal vanaf 17:00 tot 18:00 UTC op Woensdag 18 Mei gehou word met GG, RTD en foon aktiwiteit. GG- en RTD-kontakte tel 3 punte terwyl foon kontakte 2 punte tel. Jy verdien ook 2 punte vir elke nuwe ruit vierkant en 1 punt vir elke nuwe klub

wat gewerk word. Dien jou logstaat teen 21:59 UTC op Maandag 23 Mei in by contest@sarl.org.za. Moet geen ander e-posadres gebruik nie.

Die 46 BHF/UHF Groep bied op Saterdag 21 en Sondag 22 Mei 2022 die eerste been van die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie aan. Aktiwiteit vind plaas op 6 en 2 meter sowel as op 70 sentimeter. Die kompetisie is in tydgleuwe verdeel waar al die deelnemers 2 uur tydgleuwe per band werk. Dit is gedoen om die aktiwiteit so te konsentreer dat meer stasies gewerk kan word deur al die stasies op dieselfde band te hê. Saterdag van 03:00 tot 05:00 UTC is aktiwiteit op 6 meter, van 05:00 tot 07:00 UTC op 2 meter en van 07:00 tot 11:00 UTC op 70 cm. Sondag begin ons op 2 m, gaan dan na 6 m en eindig op 70 cm. Die uitruil is 'n RSQ-verslag en jou 6-karakter Maidenhead ruitvierkant. Dien jou logstaat in teen 23:59 SAT op Sondag 27 Maart 2022 per e-pos na sarlvhfuhfcontest@gmail.com. Al die inligting kan gevind word op bladsy 21 tot 23 van die 2022 Blou Boek.

Die eerste been van die YOTA-kompetisie. Hierdie GG- en ESB bedryfs geleentheid, gereël deur die IARU Streek 1-Jeug Werkgroep in samewerking met MRASZ (die Hongaarse Amateurradiovereniging) vind plaas vanaf 08:00 tot 19:59 UTC op Sondag 22 Mei. Vir volledige reëls en inskrywings-kategorie besonderhede, besoek www.ham-yota.com/.

Ses- logstate is ontvang vir die tweede been van die SARL Saterdag 40 m Klub kompetisie wat op 30 April gehou is. Daar word kennis geneem dat deelnemers sukkel om Lichtenburg te spel! Logstate moet slegs na contest@sarl.org.za gestuur word en geen ander e-posadres nie. Erkenning van ontvangs sal uitgestuur word wanneer die logstaat aankom.

1ste die Wesrand ARK – 1 646 punte

2de die Noord-Kaap ARK – 233 punte

3de die Sandton ARK - 215 punte

1ste Gerhard, ZS3TG – 159 punte

2de Karen, ZS6MMA - 157 punte

3de Kobus, ZS6BOS - 152 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar vier sonvlekke met eenvoudige tot gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir die voorkoms van C- en 'n laer waarskynlikheid vir die voorkoms van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 71 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – die ZS3 QSO Partytjie

16 Mei – Nasionale BBQ Dag en die sluitingsdatum vir Oggend Koffie logstate

17 Mei – Wêreld Telekommunikasie Dag

18 Mei – die SARL 80 m Klub Kompetisie

20 Mei – die sluitingsdatum vir ZS3 logstate

21 Mei – Internasionale Tee Dag, die Mei RAE en die Magalies Zoom vergadering

21 en 22 Mei – die SARL BHF/UHF Digitale Kompetisie

22 Mei – die YOTA kompetisie

23 Mei – Sluitingsdatum vir 80 m Klub logstate

26 Mei – Hemelvaart dag en die Sandton 'Tech Talk'

28 Mei – Internasionale Hamburger dag en die Wesrand snuffelmark

28 en 29 – die CQ WPX GG-kompetisie

29 Mei – die sluitingsdatum vir SARL VHF/UHF Digitale logstate

31 Mei – Republiekdag

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Vanmiddag van 14:00 tot 15:00 UTC kan jy deelneem aan die ZS3 QSO Partytjie met die doel om soveel as moontlik ZS3 stasies te werk. Neem kennis, ZS1, ZS2, ZS4, ZS5 en ZS6 werk SLEGS ZS3! Stasies in ZS3 werk almal! Dit is 'n GG- en foon aktiwiteit.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydagmiddag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.